# VLERKDANS
## *Barrie Hough*

**ANTWOORDE**

’n Nota aan die onderwyser: Daar is ongelukkig foutiewe bladsynommers in enkele vrae in hoofstukke 3, 6, 7, 9 en 10. Hulle is in hierdie antwoordstel met geel gemerk. U word vriendelik versoek om dit onder leerders se aandag te bring en dit in hulle leesboeke te korrigeer.

**HOOFSTUK EEN** (bl.1 -11)

1. Hannes het vir Anton in die NED’S GYM-gimnasium ontmoet, maar hy dink “die oefeninge by die gym het nog nie ‘n verskil gemaak nie” as hy in die spieël kyk (bl 8). Dis deur Anton dat hy die oorbel begin dra het. (bl.1)

2. Ma se modelle is ouer, naakte mense wat al los velle en plooie op hulle liggame het, want ‘n lang lewe **brei** die liggaam. (bl. 3)

3. Die kunstenaars is Matisse, Leonardo da Vinci en Michelangelo. (bl. 2,4)

4. Kuns- en mediese-studente bestudeer die mens se liggaam. Dit is sodat hulle die liggaam se vorm en bou akkuraat in hulle kunswerk kan weergee.

5. Tannie Estelle is Hannes se pa se vrou. Sy ouers is geskei. (bl. 10)

6(a) Personifikasie. (bl. 2)
(b) Ja. Dit dui op die moontlikheid dat ‘n karakter later in die roman sal ly en ‘sweet’.

7. ‘Ou Square’ is Hannes se wiskunde-onderwyser. Hy besef dat kunstenaars ook wiskundige kennis benodig om ‘proporsies’ te bereken vir skilderye en modelle. (bl. 7)

8. Hy sal dit heel moontlik aanvanklik nie raaksien dat Hannes ‘n oorbel dra nie, omdat hy te besig is en nie juis omgee nie.
Indien hy wel die oorbel raaksien, sal hy dit veroordeel as iets wat by sataniste, dwelmslawe of homoseksuele pas. (bl. 11)

9. Die naalde waarmee mense se ore deurgesteek word, moet steriel wees om te verhoed dat oordraagbare siektes die liggaam binnedring. (bl. 11)

**Forumbespreking**
**Moontlike riglyne vir groepbespreking**

- Leerders aanvaar dat mense van mekaar verskil.
- Almal het die reg om uniek te wees.
- Homoseksualiteit is ‘n werklikheid.
- Geloofsvryheid en verdraagsaamheid is belangrik.

- Die beginsels van menseregte moet altyd in ag geneem word.

## HOOFSTUK TWEE (bl. 12 – 21)

1. Juffrou Opperman is die kunsonderwyseres. Haar groot oë agter die dik glase van haar skilpaddopraam-bril het haar die bynaam 'Uiltjie' besorg. (bl. 12)

2. Die **Tuin van Eden** bevat 'n klerepop, kandelaar met kerse, balletskoene, 'n rottangstoel, 'n Chinese vaas met pouvere en 'n kalbas, asook 'n paar groot spoelklippe. (bl. 12 en 13) (enige 4)

3. Hannes se wenkbroue sluit by mekaar aan, soos 'n wolf s'n (bl. 9). Erika noem hom **Wolfie,** want sy reuksintuig is so goed soos 'n bloedhond s'n. (bl. 14)

4. Anna Bezuidenhout. (bl. 16)

5. Haar oupa se glasoog het haar dopgehou soos die oë op die pou se stertvere in die kunsklas en ook die pou-illustrasie op die omslag van die spyskaart van die **The Golden Peacock**. (bl. 20-21)

6. Erika se ouma was geset en lief vir eet. Oupa is 'n onaangename, maer ou man wat aan tafel streng let op wat Erika eet, want hy merk op: 'Sy is al klaar dik.' Hierdie neerhalende opmerking dui daarop dat Oupa nie van sy vet vrou hou nie. (bl. 20)

7. Oupa het snags sy blou glasoog in 'n glas water op 'n tafel voor die spens geplaas om vir Erika dop te hou as sy skelm wou eet. Dit het haar aan '... Onse Vader in die hemel se oog ...' laat dink. (bl. 20-21)

8. Ja. Hy is oud en geplooi, reeds deur die lewe gebrei. (bl. 3 en 20)

9. Oupa se glasoog hou vir Erika dop as sy skelm wil gaan eet.
   Die Vader in die hemel hou mense dop wat skelm sonde wil doen. (bl. 24)

10. 'Suur druiwe' (bl.15)

**Aktiwiteit**
**Voorbereide Mondeling**

Leidrade vir bespreking:

- Anoreksia Nervosa
- Ander siektes wat deur dieet veroorsaak word, bv. tipe 2 diabetes.
- Druk op tieners deur die media om baie skraal te wees.
- Sportdrag en sportsoorte is vir slanke persone.
- Gesonde eetgewoontes.
- Aanvaar jou liggaam.

## HOOFSTUK DRIE (bl. 22 – 26)

1. 'Hy is die ware Jakob, nie 'n namaaksel of 'n afgietsel nie.' (bl. 22)

2. Jacob 'sweef', 'swaai' en 'dans'. (bl. 23)

3. Op Gog se bord is 'n skets van 'n voël se oopgespreide vlerk. Dit laat dink die leser aan die vlerkdanse wat voëls uitvoer. (bl. 22-23)

4. Arms.

5. Judith Mason.
   Hannes wil nie die skets van Anton se perfekte liggaam bederf deur die litteken op sy skouer te teken nie. Hy hou dus nie van sy ma se voorstel nie. (bl. 25-26)

6. '... dun, verkreukelde ...' Dit wek verlange by hom.
   Sy 'Wolfie'-instinkte wil hom nader aan Anton bring deur sy reuksintuig soos 'n 'bloedhond' in te span. (bl. 26)

7. Anton wou die geraamte, Jakob, se skouergewrig, sleutelbeen en bladbeen teken om sy tekening van Anton te vervolmaak. (bl. 25)

**Navorsing**

**Moontlik antwoorde:**

- Leonardo da Vinci (1452 – 1519).
- Leerling in Florence. Hy was 'n genie wat sketse, aantekeninge en tekeninge nagelaat het.
- Hy het die geheime van die menslike liggaam ondersoek.
- Meer as dertig lyke ontleed.
- Die vlug van insekte en voëls bestudeer.
- Beoog om 'n vliegmasjien te ontwerp.
- Klank bestudeer.
- Kleur en vorm nagevors.
- Gewone mense het hom vreemd gevind, byna magies.
- Ontwerp toneelopvoerings en optogte.
- Musikus
- Hy was links en sy geskrifte kon slegs in 'n spieël gelees word.
- Reeds Copernicus se idees vooruitgeloop t.o.v. die posisie van die son en die aarde.
- Dikwels sy kunswerke onvoltooid gelaat.
- Die Laaste Avondmaal.
- Mona Lisa.
- Versagte kleure gebruik.
- Hannes is ook 'n skilder wat die geraamte van Jakob bestudeer en meer as net die oppervlak wil sien.
- Anton is 'n danser wat ook alle vorme van beweging bestudeer.

- Hannes wil ook sy kunstenaarskap en andersheid beklemtoon met sy oorbel.
- Anton, het ‘n litteken op sy ‘vlerk’ wat dui op ‘n ingebore defek wat afbreek doen aan sy strewe na volmaaktheid.

## **<u>HOOFSTUK VIER</u>** (bl. 26 – 35)

1. Anton woon in ‘n weelderige huis met duur meubels en skilderye. Hy en Hannes word bedien deur Nomsa wat keurige gebak voorsit. Anton en sy ouers is welgesteld en omring met kunswerke en nuwe tegnologie. ‘... a bird in a gilded cage.’ (bl. 12 en 26 – 33)

2. ‘n Kaia is ‘n hut, of nederige woning. Anton-hulle woon in ‘n uitsonderlike mooi rykmanshuis. (bl. 26 – 29)

3(a) Ateljee (bl. 29)
(b) Dansstudio (bl. 29)

4. Mikhail Baryshnikov (bl. 29)

5. Dans laat hom hoër vlieg as die ‘high’ wat dwelms gee. (bl. 30)

6(c) …die pa sy seun se ballet-loopbaan wou bevorder. (bl. 30)

7. Hy hoes en hoes. (bl. 32)

8. Die meisie is ‘n ballerina, want sy stap met uitgedraaide voete, wat Erika laat sê: ‘... sy loop soos ‘n eend.’ (bl. 33)

9. ‘Is there a doctor in the house?’ (bl. 34)

## **<u>HOOFSTUK VYF</u>** (bl. 35 – 39)

1. Die opskrifte bokant berigte van koerante. (bl. 35)

2. ‘Danser sak inmekaar ná triomf.’ / ‘Wendanser brand hom uit.’ (bl. 35)

3. Mense wat **anoreksia** het, is so maer dat hulle ‘net **bene** is.’ (bl. 36)

4. ‘n Feniks is ‘n fabelagtige voël wat hom laat verbrand het op ‘n brandstapel van geurige kruie en dan altyd weer verjong uit die as herrys het: ’n simbool van onsterflikheid. (HAT Perskor 1994)
   (Die beskrywing op bl. 38 in *Vlerkdans* is ook aanvaarbaar.)

5. Anton se griep is dalk ook dodelik:
   Dood
   Begrafnis
   Rou
   Lyk
   Begrawe (bl. 37)

6. Die voël word weer lewendig. (bl. 38)

7. Matisse, die hond, jaag ‘n hoender. Die hoender slaan aan die brand toe hy hom vang. Hy verbrand tot as. Skielik verrys daar uit die as ‘n hoender wat twee keer groter as Matisse is en die hoender jaag vir Matisse. (bl. 39)

8. **Klasbespreking**

   **Moontlike antwoorde**

   - Die titel dui op die vlerk van ‘n voël.
   - Die feniks is ‘n mitiese voël wat uit die as (dood) herrys.
   - Anton dans.
   - Hy het ‘n litteken op sy skouer – sy ‘vlerk’.
   - Hy hoes en hoes.
   - Ons vermoed dat hy ook soos die feniks kan sterf.
   - ‘Wendanser brand hom uit.’
   - Vlerksleep – Dui op iemand wat vry na ‘n persoon.
   - Hannes het ‘n oorbel wat hom anders as gewone mense laat voel.
   - Anton se skoolhoof hou nie van seuns wat ballet bo rugby verkies nie.
   - Hannes bewonder Anton se volmaakte liggaam sodanig dat hy weier om die litteken op sy skouer te teken.
   - Hannes se pa dink hy is dalk gay omdat hy ‘n oorbel dra.
   - Die twee seuns mis mekaar en bel gereeld.

[* Daar moet duidelikheid by leerders wees dat alle kunstenaars nie noodwendig gay is nie.]

## <u>**HOOFSTUK SES**</u> (bl. 39 – 44)

1. Anton is ook ‘n jong kunstenaar wat besef dat hy gaan sterf omdat hy Vigs het. Hy is hartseer oor sy lewenslot en wil nie doodgaan nie. (bl. 40)

2. Anton se vriend het homself ook met dwelms ingespuit en van ‘n oordosis gesterf. Die man ruik nes sy vriend, Deon, wat ook lank aan dwelms verslaaf was. (bl. 41)

3. Anton het homself met vuil naalde ingespuit. Hy huil, omdat hy nou op agtien besef dat hy gaan sterf.

4. Mense sterf in Afrika weens honger. Miljoene Jode is vergas. (bl. 43)

5. Tant Bet is oud, vol los velle en haar vingers is ook verwring, maar sy gaan moontlik langer leef as Anton met sy volmaakte jong liggaam. (bl. 44)

6. Snor. ('Die venster snor outomaties oop') (bl.41)

**Koerantberig**

**Moontlike antwoorde**

- Dwelms eis jong lewens (Kop).
- Noem verskeie gevaarlike dwelms.
- Dwelms is skynbaar aanvanklik onskadelik.
- Geleidelike verslawing tree in.
- Sterker en meer dwelms moet later geneem word.
- Dwelms tas die geheue en liggaam aan.
- Werkverlies
- Inrigtings
- Dood

## **HOOFSTUK SEWE** (bl. 44 – 49)

1. Erika gebruik **volstruisvere** wat sy oranje en rooi wil kleur vir die feniks-kostuum. (bl. 44)

2. 'vlerke'
   'dans' (bl. 44)

3. Anton voel vuil en hy is bang dat hy ander mense sal aansteek, hoewel hy weet Vigs is net deur liggaamsvloeistowwe, bv. semen, oordraagbaar. (bl. 44)

4. Siekehuis (HAT ... Perskor 1994)

5. Anton het met Linda gevry en sy is bang sy het Vigs omdat hy haar gesoen het. (bl. 47)

6. Parys
   Notre-Dame (bl. 47)

7. Die kop is: 'Laaste buiging vir wendanser.' Anton se ma se naam is Grethe Swart, 'n bekende prokureur en die weduwee van Anton Swart senior, 'n erts-miljoenêr. (bl. 47)

8. Erika se pa beskou Vigsas 'n gewone aansteeklike siekte, terwyl Hannes se ma aan hom verduidelik dat dit net deur intimiteit oorgedra kan word. (bl. 48)

**Debat**

**Moontlike besprekingspunte**

- Vriende kan jou vermy.
- Onkunde heers onder baie mense.
- Selfs ouers verwerp hulle kinders oor Vigs.
- Werkverlies a.g.v. onkunde kom voor.
- Homoseksualiteit word dikwels as enigste oorsaak van die siekte beskou.

## <u>HOOFSTUK AGT</u> (bl. 49 – 56)

1. Hannes se ma het ‘n koperlamp voor die venster aangeskakel en haar man met ‘n ‘... venster vol lig ...’ verwelkom.
   Sy het ook sy kos in die lou oond warm gehou. (bl. 49)

2. Maggie Laubser
   Irma Stern (bl. 49)

3. Hannes se oë en wenkbroue lyk nes sy pa s’n. Mans met sulke wenkbroue is onbetroubaar. (bl. 8). Hy verskil ook openlik van sy ma. (bl. 25) Anna Bezuidenhout ‘... sê nie meer wat sy dink nie.’ Daar is moontlik te veel ooreenkomste tussen haar man en haar seun. (bl. 50)

4. Die hond, Matisse, kan nog dans, maar die wonderlike danser, Anton, kan net ‘... stadig loop.’ (bl. 51)

5. Anton is ook nou so maer, soos ‘n geraamte met sy ‘hol wange’, dun arms en benerige hande. (bl. 52)

6. Hannes teken vir die eerste keer die litteken op Anton se regterskouer. (bl.54)

**Rolspel**

**Wenke vir telefoongesprek**

- Improviseer
- Leef jou in die emosies van ‘n karakter, wat ‘n groot probleem het, in.
  Vra vrae soos:
- Wie is ek?
- Wat is my probleem?
- Waar is ek?
- Hoe benader ek die gesprek?

- **Stiltes** gee jou tyd om te dink en skep die **illusie** dat jy **luister**.

## HOOFSTUK NEGE (bl. 56 – 64)

1. Hannes se ma grimeer haar keurig en trek 'n deftige rok aan om kers vas te hou by Estelle, haar gewese man se nuwe vrou, wat blykbaar altyd 'deur 'n ring getrek' kan word. (bl. 56, 57)

2. Hannes se ma weet dat sy pa nie die oorbel sal goedkeur nie. Sy wil spanning en onaangenaamheid tussen pa en seun vermy. (bl. 57)

3. Personifikasie. (bl. 57)

4. Hy lyk moeg, ouer, gespanne en streng. Sy nuwe snor is effens grys. Hy gee die indruk van '... 'n skoolhoof of 'n inspekteur.' (bl. 58)

5. Hy lag hartlik toe hy vir Nina omhels, maar verkil skielik nadat hy vir Hannes omhels het en kyk hom vir 'n oomblik koud aan. (bl. 58)

6. Daar is 'n groot verwydering tussen hulle, asof 'n 'glasmuur hulle skei.' (bl. 58)

7. Hy is verwaand as hy verwag om in sy huistaal bedien te word. 'Hulle sal tog so iets met my waag by 'n Kaapse hotel!' (bl. 60)

8. Hannes se pa 'frons' en trek sy oë op 'skrefies.' Hy is agterdogtig en dink dat Hannes en Anton méér as net vriende is. Hy vermoed dat hulle gay is en hy hou nie daarvan nie. (bl. 62)

9. **Groepbespreking**

- Die titel van die roman is **Vlerkdans**.
- Die skouer is deel van die mens se 'vlerk.'
- Hannes het 'n litteken op sy skouer.
- 'n Letsel wat sy liggaam bederf.
- Dié letsel is 'n aanduiding van sy onvolmaaktheid t.o.v. sy gesondheid.
- Hannes weier om die letsel te teken.
- Anton is 'n balletdanser.
- Die afvlerk-danser.
- Daar is ook verwysings na ander vlerke bv. van die pou, die volstruis en die feniks en die hoender.
- Dié vlerke word tydens dans, pronk en hofmakery gebruik.
- Die oorbel- en gay-motief laat ook die leser aan **vlerksleep** dink.
- Hannes se pa vermoed 'n verhouding tussen die twee seuns.
- Jakob se ongewone geraamte dui reeds op die mens se verganklikheid.
- Die feniks gee hoop dat daar uit die as weer lewe kan opstaan.

- Die **skouer-** en **vlerk-**motiewe is deurlopende leidrade wat die filosofiese idee van die roman versterk.

## HOOFSTUK TIEN (bl. 64 – 66)

1. Anton se ma het 'soos 'n standbeeld' uitdrukkingloos eenkant gesit.
   Dit lyk 'of sy gekrimp' het. (bl. 81)

2. Die beeldspraak skep afwagting en spanning by die leser.

3. - 'Wendanser brand hom uit'
   - Keith, die dansonderwyser, werk aan 'n program oor
   - **mitologiese** diere vir 'n dansfees. Hy was beïndruk met Anton se
   - **voëlsolo** en wil hê
   - hy moet 'die feniks dans'**.**
   - Verklaring van feniks.
   - Erika se feniks-kostuum.
   - Hannes se houtskool-skets van **Anton in vlug**.
   - Hannes se Leeu-Films bied aan: Matisse leer 'n les.
   - Die pouvere se oë bly voortleef in oupa se alomteenwoordige glasoog.
   - Hannes se treffer-skildery, **Feniks**.

4. Die biologie-onderwyser, meneer **Gog.**
   **Jakob** (bl. 23)

5. Vergelyking (bl. 66)

6. Hannes kry die voorreg om sy ma, Anna Bezuidenhout, se uitstalruimte te deel. (bl. 66)

## HOOFSTUK ELF (bl. 66 – 67)

1. Onomatopee

2. Sy dra die pouveer as 'n versiering omdat sy haar vrees vir die alsiende oog oorwin het en self besluit het om reg te eet. (bl. 66)

3. Dit is 'n tekening van sy suster, Nina, wat slaap. (bl. 67)

4. Die skildery met die titel **Feniks** toon goue vlerke en 'n geraamte tussen rook en vlamme. (bl. 67)

5. Hy het sy kunstenaarskap internaliseer en hoef dit nie meer met 'n oorbel vir die wêreld te wys nie. (bl. 67)

6. Dit speel in die 1980’s af:

- Hillbrow was toe nog begaanbaar en die winkels en eetplekke waarna verwys word, het werklik in die 1980’s daar bestaan.

- Die musiek van Queen waarna verwys word, kom uit daardie era.

- ‘n Verwysing soos ‘Van Riebeeck se kop’ (bl 28) dui op die geldnote van daardie tyd

- Videomasjiene en -bande was in die 1980’s in elke huis teenwoordig (bl.29)

- Die Carlton-sentrum en Carlton-hotel is in die 1980’s gebou en is as baie eksklusief gereken

**Rolspel**

**Moontlike scenario**

- Estelle lyk mooi en verwelkom haar man liefdevol.
- Hannes se pa is moeg, kwaad en geïrriteerd.
- Hy vertel van Anton en ook van Hannes se oorbel en siekte.
- Estelle maak asof sy geskok is.
- Hy is volgens hom bly hy is nie meer deel van dáárdie gesin nie.
- Hy kla op oordrywende wyse oor die hotel se 'swak diens.'
- Estelle probeer uitvis of sy vorige vrou, Anna, mooi is en of sy baie bekend as kunstenaar is.
- Sy is jaloers.
- Hy ontwyk haar vrae en vertel van hoe oulik Nina is.
- Estelle wil weet of hy by sy gesin gekuier het.
- Die gesprek loop op 'n oor-en-weer geskreeu uit.
- Estelle kla omdat sy met 'n ou man vol 'draadwerk' (bl. 75) getrou het. (10)